# Waarmee is ons besig?
# 9 Junie 2024
# Ds. Teodor van der Spuy

teodor@moreleta.co.za

## Inleiding

Fellowship - 25 min

Verwelkoming & Gebed:
Gee minstens 2 persone kans om te bid.
1. Is daar iets die week wat gebeur het waarvoor jy dankbaar is?
2. Watter uitdagings het jy hierdie week gehad?
3. Wat het vir jou in die preek uitgestaan die naweek?

Indien die Here verlede week met jou gepraat het oor iets wat jy moes gaan doen, deel dit met die kring. Gee minstens 2 persone kans om te bid. Ons bid vir mekaar se uitdagings en sê vir die Here dankie vir dit waaroor ons kan dankbaar wees.

Sondag in die diens kyk ons na die die lewe van Marta en Maria. (Lukas 10:38-42) deur 'n poppekas rollespel.
Ons leer iets van van om volledig teenwoordig te wees in sekere oomblikke. Die mens werk deur 4000 verskillende bemarkingsboodskappe elke liewe dag. Om te stop maak nie sin nie. Alles en almal is teen jou. Wat het Jesus hieroor te se?

## Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

## Lees saam

Die Woord - 30 min
Skrifgedeeltes: **Lukas 10:38-42**

- Een persoon lees die gedeelte.
- 'n Tweede persoon vertel die verhaal so volledig moontlik. Dit is nie 'n intelligensie toets nie. Die doel hiervan is om net 'n geheelbeeld van die gedeelte te kry. Moenie die gedeelte opsom of jou opinie gee van wat hier staan nie. Vertel so feitelik moontlik wat hier staan.
- 'n Derde persoon lees die gedeelte 'n tweede keer.

NB: Die fokus is op wat in hierdie spesifieke Skrifgedeeltes staan. Probeer om so min as moontlik van kruisverwysings gebruik te maak – om nie ander Skrifgedeeltes by die bespreking van hierdie spesifieke Skrifgedeeltes in te sluit nie. Vra die Heilige Gees om julle te leer. Vermy ingewikkelde teologiese debatte. Die basiese vraag is: Here, wat wil U vir my sê uit hierdie spesifieke Skrifgedeelte?

Elkeen het talente van die Here ontvang. Die vraag is: Weet jy wat jou talente is? Wat maak jy met jou talente? Wend jy jou talente aan vir die Koninkryk? Soos in Matt. 25:15-30 gaan God van my en jou rekenskap vra en evalueer of die talente wat ons gekry het, gebruik en vermeerder is. Ons gaan verseker beloon word indien ons talente gebruik is – dis waarom die Vader dit aan ons gee. Gawes is aan ons gegee om meestal ander te dien. Jou plek – waar jy moet dien - is deur die Here reeds geboek. Vind uit waar dit is.

## Gesels saam

Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van drie vrae:

1. **Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?**
   (Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)
2. **Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?**
   (Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in 'n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)
3. **'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?**

# Waarmee is ons besig?
# 9 Junie 2024
# Ds. Teodor van der Spuy

## Gesels saam

Hier is nog ‘n paar besprekingspunte

- Deel die groep in Marta’s en Maria’s. Wie is taakgedrewe en wie is die mense wat nie die oomblik sou wou mis nie? Bespreek dit deeglik en lag lekker saam vir voorbeelde waaraan julle kan dink.
- Is dit verkeerd om soos Marta te wees?
- Lukas 10:42 – Jesus se vir Marta dat daar net een ding is waaroor sy wat Marta is moet besorgd wees. Jesus se egter nie wat dit is nie. In die lig van hierdie verhaal. Wat sou dit wees.

Om volledig teenwoordig te wees.
In die terminologie van Generasie Z is die nuwe woord op almal se lippe “Mindfulness”. Mindfulness means maintaining a moment by moment awareness of our thoughts, feelings, bodily sensations, and surrounding environment, through a gentle, nurturing lens.

Mindfulness is egter niks nuuts vir volgende van Jesus nie. Deur die loop van die Ou Testament veral in die Psalms word mindfulness aangemoedig. Hierdie tegniek om te lewe word verder ontwikkel ook in die Nuwe Testament. Dis juis in die storie van die Marta en Maria waar Jesus ons nooi om volledig bewus te wees van die kosbare oomblikke in ons lewens.

1. Waar in jou week kry jy die geleentheid om volledig teenwoordig te wees in die oomblik of in ‘n bepaalde tyd?
2. Sukkel jy met rusteloosheid? Is jy altyd in jou kop op ‘n ander plek as waar jy op daardie oomblik is.
3. Wanneer laas het jy regtig by Jesus se voete gesit en en hom gevra om jou te help om Sy perspektief oor jou lewe beter te verstaan?

Jesus het nie ‘n probleem gehad dat Marta hard gewerk het nie. Hy het verstaan dat daar kos gemaak moet word vir almal. Dat die situasie nie maklik was nie omdat al die dissipels moes eet. Die mielies moes gestamp geword het. Die hoender se vere moes uitgepluk word. Die potte moes kook. Die druk was op. Maar ten spyte van die druk wil Jesus nie hê dat ons moet uitmis op gewonde oomblikke wat heilig kan word in Sy teenwoordigheid nie.

## Doen saam

**Gehoorsaamheid - 20min**

Wat gaan jy die volgende week prakties doen om ander te dien? Waar gaan jy betrokke raak in die gemeente?

Nadat julle die teksgedeeltes bestudeer het, wat voel julle vra die Heilige Gees van julle om te doen?

Omdat dit God is wat hier praat, moet ons reageer. In hierdie gedeelte van die groepsbyeenkoms gaan ons oor van inligting na. gehoorsaamheid: Is daar iets wat in jou lewe moet verander in die lig van julle bespreking van hierdie Skrifgedeeltes?
Wat is daar wat jy in die komende week moet doen na aanleiding van julle bestudering van hierdie Skrifgedeeltes? Hoe kan jy 'n seën wees vir ander mense rondom jou?
Wees baie spesifiek. Almal in die groep reageer op die Woord met 'n **I will statement** vir die week en deel dit met die groep. 'n **I will statement** is 'n persoonlike verbintenis tot wat jy in die komende week prakties sal doen in gehoorsaamheid aan wat die Heilige Gees vir jou sê.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____
_____

## Bid saam

Maak ‘n 10 minute spasie van stilgebed. Sit musiek aan of omhels die stilte. Gee vir God die geleentheid om in elkeen se lewe in te spreek op sy eie manier.